Ds. G. Th. Rothuizen, *Allemaal Zondagen*, J. H. Kok, N. V. Kampen, 1959, 190 bls.

Die inhoud van die Heidelbergse Kategismus, omdat dit Skrifdeurdrenk is, bly, ondanks sy ouderdom, nog altyd nuut en fris nie alleen nie, maar blyk ook al die eeue deur 'n onuitputlike bron van troosryke en besielende voorligting te wees, en hoewel daar in die loop van die tye reeds baie (preek) bundels en verklaringe oor die Kategismus gepubliseer is, verskyn daar nog telkens nuwe publikasies. So het daar nou pas weer (1959) by die bekende uitgewersmaatskappy Kok, Kampen, 'n boek onder die opskrif: *Allemaal Zondagen* uit die pen van ds. Rothuizen verskyn, met die subtitel: „Beschouwingen over de Heidelbergse Catechismus"-- dus nie preke nie, maar beskoudinge, fris en oorspronklik, wat telkens 'n verrassende lig op die ou waarhede laat val, want ds. Rothuizen blyk 'n intieme kenner van die Kategismus te wees wat weet om nuwe skatte uit die rykdom van die Kategismus te ontsluit. Die boek is nie 'n verklaring van die Kategismus in die gewone sin van die woord nie, maar

meer suggestiewe ligflitse wat tot nadenke prikkel, en wie die nodige aandag daaraan bestee, sal die boek ongetwyfeld met seën en vrug gebruik. Die stukkies is almal kort en prakties, die styl is populêr en nie omslagtig nie en die geheel lees vlot. Wie dit ernstig met die Kategismus meen, moet verseker hierdie beskouinge nie ongelees laat nie; die oorspronklike wyse van behandeling laat telkens nuwe perspektiewe sien, wat tot verdieping van die kennis van die Kategismus lei.

Die uitgawe, sowel van buite as van binne, is soos ons dit van die uitgewer gewoon is, deeglik versorg. Ek verwelkom hierdie boek en beveel dit met vrymoedigheid aan. Hoewel die Nederlandse idioom hier en daar vir die deursnee Afrikaanse leser miskien minder duidelik sal wees, wil ek tog die hoop uitspreek dat hierdie boek ook in ons land die verspreiding sal geniet wat dit inderdaad verdien.

D. F. ERASMUS, snr.